

## **INSKRYWINGS VIR 2019 HOEF NIE 'N KOPSEER TE WEES NIE: MAAK SO OM 'N VALIA**

### **TE WORD**

#### **STAP 1, 2 en 3: Vanaf 16 April 2018 omstreeks 8:00 moet u AANLYN REGISTREER**

(u kan dit op u slimfoon of tablet of rekenaar doen u het slegs internetoegang nodig)

- Besoek die webtuiste: [www.gdeadmissions.gov.za](http://www.gdeadmissions.gov.za)
- Klik op "Apply for 2019"
- Klik nou op "Continue".
- **STAP 1 "Enter Parent/Guardian Details en Register"**: tik u Suid-Afrikaanse ID-nummer in, naam, van, geslag, huis adres, werk adres en selfoonnommer in. (NB! U selfoonnommer is verpligtend aangesien dit as primêre kommunikasie-middel gebruik gaan word)(NB! U adres moet volgens Google Maps in die tabel verskyn, anders kies u die naaste punt aan u adres)
- 'n Gebruikersnaam (Username) en Wagwoord (Password) moet geskep word en 2 sekuriteitsvrae moet beantwoord word. Indien u u foon sou verloor gaan hulle die vrae aan u stuur om te beantwoord. Die besonderhede sal dan per sms aan u gestuur word sodra stap 1 voltooi is. (NB! Die ikoon bo aan die blad sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is)
- **STAP 2 "Enter/Register Learners details"**: tik u kind se ID nommer, geboortedatum, naam, van, geslag, huistaal, ras, provinsie en graad in waarvoor u aansoek doen (Gr. 8), Kies u huidige laerskool en klik dan "submit" om stap 2 te voltooi. (NB! Die ikoon bo aan die blad vir stap 2 sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is).
- **STAP 3 "Apply to school"**: kies u kind wat u geregistreer het, kies die graad (Gr. 8), kies die taal van onderrig, kies die adres, kies die skool (Hoërskool Transvalia). (NB! Daar is 6 opsies naamlik Home address, Work address, School of specialisation, Technical Schools, School where there is a sibling and school of choice). As u huis- of werksadres nie in die skool se direkte voedingsarea is nie, moet u nie bekommerd wees nie - kies school of choice, u sal dan 'n waiting List B nommer ontvang, maar volgens die skool se kriteria sal u op ons aansoek alreeds aanvaar wees aangesien ons die kapasiteit het om waglyst A en B kandidate te kan akkommodeer.
- Indien u 'n WAB-nommer ontvang (System couldn't suggest schools) moet u net seker gaan maak dat u adres korrek is volgens Google Maps, want dit is die geografiese stelsel wat die sisteem gebruik
- Klik "Apply" en dan is u kind se aansoek suksesvol. (NB! Die ikoon bo aan die blad vir stap 3 sal van rooi na groen verander as alles korrek voltooi is).
- U sal dan 'n WA-, WAB- of WB-nommer ontvang en 'n boodskap wat u herinner om binne 7 dae na die aansoek die volgende dokumente saam met u aansoekvorm na die skool toe te bring:  
Afskrifte van Geboortesertifikaat, Bewys van verblyf, Nuutste/Jongste Rapport en Ouers se ID – dokumente.

**Hoërskool Transvalia se personeel sal u bystaan met die aanlyn aansoek, indien u nie regkom nie. Ons sal vanaf 16:00 op die 9de Mei beskikbaar wees om u te help met die proses sowel as na die verrigtinge in die saal.**

**BELANGRIK: U HOEF NIE VOORAF TE REGISTREER NIE, ONS SAL U HELP MET AL DIE STAPPE EN DAN BREEDVOERIG AAN U VERDUIDELIK OP DIE OPE DAG SO MOET DIT NIE MIS NIE.**

**DIE SKOOL MAG EN KAN OOK NAMENS U REGISTREER EN DIE AANSOEK INDIEN.**